# S A INSTITUUT VAN STADS- EN STREEKBEPLANNERS

## VERSLAG VAN DIE PRESIDENT: OKTOBER 1990
## REPORT OF THE PRESIDENT: OCTOBER 1990

CHRISTO KANNENBERG

### 1 INLEIDING

Hierdie dokument word aan die einde van my termyn van twee jaar opgestel en dek dus die Raad se aktiwiteite oor die volle periode.

Die Raad en Uitvoerende Komitee het by vyf geleenthede oor hierdie termyn vergader. Indien in gedagte gehou word dat die Raad nie oor 'n voltydse direktoraat beskik nie en dat projekte dus deur Raadslede self in hul vrye tyd uitgevoer moet word, is daar genoeg rede om tevrede te voel oor wat bereik is.

Die beroep het wye publisiteit geniet, die struktuur van die Instituut is her-evalueer, gedeeltes van ons handleiding is hersien, 'n nuwe lys van raadgewende Stads- en Streekbeplanners is gepubliseer, ons tariewe is verhoog, 'n nuwe das en serp is beskikbaar gestel, ons nuusbrief is verbeter, die sekretariaat het 'n nuwe kantoor betrek en goeie vordering is met die wysiging van ons reëls gemaak.

### 2 DOELWITTE VIR DIE TERMYN

Die Raad het aan die begin van my termyn drie doelwitte vir die twee jaar goedgekeur:

* Die bekendstelling van ons beroep
* Die her-evaluering van ons struktuur
* Die wysiging van ons reëls

#### 2.1 Bekendstelling van ons beroep

Die Stads- en Streekbeplanner se werk affekteer nie net die belange van sy kliënt of werkgewer nie, maar beïnvloed dikwels ook die lewenskwaliteit van totale gemeenskappe. Die Raad was van mening dat die gemeenskap slegs 'n betekenisvolle bydrae tot die beplanningsproses kan maak indien die algemene publiek 'n beter begrip van die rol en funksie van die Stadsbeplanner het. Terselfdertyd sou ook gepoog word om die aansien van die professie te verhoog. 'n Bekendstellingsaksie is dus van stapel gestuur.

'n Bemarkingstrategie is met behulp van 'n raadgewer van UNISA opgestel. Hierdie strategie is aan die verskillende takke beskikbaar gestel, wat op hul beurt aksieplanne voorberei het. Die Raad self het 'n firma van skakelkonsultante aangestel en 'n reeks artikels oor stadsbeplanning het in die dagblaaie en professionele pers verskyn. Goeie terugvoering is uit verskeie oorde ontvang.

Stadsbeplanning word hoofsaaklik op plaaslike owerheidsvlak uitgevoer. Groter begrip van die vakkundige aspekte van ons beroep by hierdie owerhede kan dus slegs bydra tot die skepping van beter stedelike omgewings. Daar is gevolglik besluit om ons amptelike tydskrif gratis aan alle plaaslike owerhede te lewer. Die koste hiervan word deur die plasing van professionele advertensies bestry.

#### 2.2 Her-evaluering van ons struktuur

Die struktuur en funksionering van die Instituut is gedurende die afgelope termyn weer krities in oënskou geneem en 'n verslag in hierdie verband het reeds in Junie 1989 voor die Raad gedien. As gevolg daarvan is die funksies van die Uitvoerende Komitee en die Raad geskei. Terselfdertyd het die Raad hom ten doel gestel om slegs 40% van sy begroting op die onderhoud en administrasie van die Raad te bestee, sodat 'n volle 60% vir ander, meer konstruktiewe doeleindes aangewend kan word. Drastiese besparingsmaatreëls ten opsigte van Raadsvergaderings is ook in werking gestel.

Verder het verskeie navrae daartoe gelei dat die Raad ook 'n studie oor die moontlikheid om nuwe takke te stig, onderneem het. Die potensiaal van vyf nuwe takke is geïdentifiseer en prosedures en kriteria vir die vestiging van nuwe takke is geformuleer. Daar word gehoop dat meer takke ons lede tot groter betrokkenheid by die Instituut se aktiwiteite sal aanspoor.

#### 2.3 Wysiging van ons reëls

Met die totstandkoming van die Statutêre Raad het die rol van die Instituut ietwat verander. Daarmee saam het die Raad reeds gedurende die termyn van Paul Waanders 'n etiese kode vir die Instituut aanvaar. Hierdie kwessies het tot gevolg gehad dat ons reëls weer krities geëvalueer moes word.

Daar is reeds goeie vordering hiermee gemaak en 'n stel gewysigde reëls sal waarskynlik vroeg volgende jaar aan ons lede voorgelê kan word.

### 3 BEGROTING

Die Raad se 40/60 doelwit ten opsigte van besteding kon ongelukkig nie die afgelope jaar bereik word nie. Dit was as gevolg van die feit dat 'n beduidende persentasie van ons lede nie hul ledegeld betaal het nie. Dit het tot 'n verlies van R13 000 vir die Instituut gelei en die Raad se skeppende aktiwiteite moes noodgedwonge tot slegs 35% van die afgelope boekjaar se begroting beperk word. Dit was dan ook een van die redes waarom ledegeld vanjaar verhoog moes word.

Skeppende aktiwiteite wat die vorige jaar addisionele fondse benodig het, sluit die aanstelling van 'n raadgewer oor strategiese beplanning, sowel as skakelkonsultante in. Die Nola Greengedenklesing en die ontwerp en vervaardiging van nuwe dasse en serpe het ook druk op ons begroting geplaas.

### 4 AS & TS

Council could not identify any direct benefits resulting from the Institute's membership of AS & TS. The required 15 months notice of its intention to terminate its membership was therefore given. The 15 months period has since lapsed.

It is hoped that the R4 500 membership fee of AS & TS could in future be used

for projects having more direct identifiable advantages for the profession.

AS & TS has since moved offices from Kelvin House to Observatory, where office rentals are higher than those we are paying at present for our offices at Cape Towers. Had we remained a member of AS & TS, our financial commitment would therefore have been even higher than the R4 500 membership fee.

## 5 MERIT AWARD

The purpose of the merit award is not only to acknowledge exceptional contributions which have been made by members of our profession, but also to promote the art and science of town and regional planning and to generate constructive publicity for the profession.

The nomination of only three projects last year has therefore been a disappointment. I would like to appeal to our members to submit planning projects considered worthy for this award so that it remains the prestigious event that it should be.

The City of Cape Town's nomination "A pedestrian network for Central Cape Town" has won our biennial merit award for 1989. My congratulations to the City's planners for the quality of the professional work presented, and to the Council for implementing the proposals.

## 6 NOLA GREEN MEMORIAL LECTURE

The Cape Branch hosted the Nola Green Memorial lecture in 1989. The speaker was Mr Selwyn Myers, a well-known personality in the housing field. Mr Myers' topic was "Housing Associations in South Africa" and he gave a critical analysis of their role in the provision of shelter.

The Natal branch has agreed to host the next lecture.

## 7 THE ROYAL TOWN PLANNING INSTITUTE (RTPI)

Two past presidents of the RTPI, Sir John Boynton and Chris Shepley, visited South Africa during the past two years. None of these gentlemen were optimistic about the restoration of formal links between the two Institutes in the near future, but their visits provided an opportunity for informal dialogue.

## 8 BESOEKE AAN TAKKE

Dit was my aangename voorreg om gedurende my termyn besoeke aan die takke van die OVS, Oos-Kaap, Natal en Transvaal te kon bring. Op hierdie wyse kon ek meer lede ontmoet en ook die omstandighede by elke tak persoonlik waarneem.

## 9 VERSTEDELIKING

Die snelle verstedeliking wat tans in Suid-Afrika plaasvind, stel hoë eise aan beide die beplanners en bestuurders van ons stedelike gebiede. 'n Verslag in hierdie verband is verlede jaar aan die Staatspresident voorgelê waarin die Raad sy bekommernis oor die oënskynlike gebrek aan koördinering van beplanning op veral die metropolitaanse vlak uitgespreek het. Grondgebruik- en vervoerbeplanning word tans deur verskillende staatsdepartemente geadministreer en die beplanningsaksies van die Administrasies vir die verskillende bevolkingsgroepe behoort ook beter saamgesnoer te word. In die Instituut se onlangse kommentaar op die Wetsontwerp op Fisiese Beplanning is hierdie kwessies weereens onderstreep.

## 10 SLOT

Ek spreek graag my dank uit teenoor al die Raadslede vir hul bydraes oor die afgelope termyn. Vordering was slegs moontlik omdat hierdie persone bereid was om opofferings te maak. In hierdie verband wil ek graag ons ere-Sekretaresse en ere-Tesourier uitsonder, wat saam met die sekretariaat vir 'n groot gedeelte van die werk verantwoordelik was.

Ek wil dit ook graag op skrif stel dat dit vir my 'n groot voorreg was om President van hierdie Instituut te wees. My dank aan almal wat dit moontlik gemaak het en die nodige ondersteuning aan my verleen het.